# VleisFees

16 Junie 2018 vanaf 09:00

NG Kroonheuwel-Noord

h/v Hertzog en Brummerstr

## Die jaarlikse VleisFees is om die draai.

Op die vleisspyskaart is maalvleis, wors, kookvleis, goulash, patties, sosaties, asook spesialiteit snitte soos T-been, sirloin, en fillet. Beestong en -sterte, vul die spyskaart nog verder aan. Skaapvleis en wildswors en wildspatties is weer beskikbaar. Nat biltong(met kruie) word die jaar saam met heerlike droë biltong en chilli bites aangebied.

## Eie aan ons VleisFees

Eie aan ons VleisFees is roosterkoeke en lewer en suursous met pap. Selfs die hamburgers en worsbroodjies word in roosterkoeke bedien. Die tradisionele kerrie en rys, jafels, pannekoek, kindertent, gebak, ens is ook te geniet. 'n Verskeidenheid van warm drinkgoed (cappuccinos/mochas/latté's) en melkskommels sal ook geniet kan word saam met wafels of mini doughnuts.

## Vir die kleiner kinders

is daar 'n springkasteel waarop hulle heeldag kan hop en spring

## Vir die vaardige ouens met 'n geweer in die hand

is daar 'n blesbok wat gewen kan word met die skyfskietkompetisie.

## Opwindende Dennekar Derby

vir kinders (en hulle ouers). 'n Springbok vir die wenner!

## 'n Verhoog vol van talente-kuns

waaronder handgemaakte items, ysterwerk en skilderye te sien en te koop sal wees.

## Springbokke vs Engeland

Ons geniet die middag van 15:00 af die rugby saam op die grootskerm en kuier vooraf heerlik rondom die braaivleisvure. Kaartjies hiervoor kos R50pp wat 'n lekker braaivleis ete insluit.

'n Fees nie te mis op die vakansiedag in die hartjie van die winter!!